# 20 Desember 2023 - Lesing 205 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 3

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Vrye wil moet die lig aanvaar – 7/7/61

**NO: 7936** Ek wil lig aan julle bring, want julle leef in die duisternis. Ek wil julle uit die donkerte van die nag na die lig van die dag inlei, Ek wil julle gees verlig en julle verlig met My lig van liefde, Ek wil julle gelukkig maak, want julle is ongelukkig in julle geestelike duisternis. **Ek wil dat die son van My Gees op julle skyn**. Ek wil julle gee wat julle ontbreek:

**Die suiwer waarheid van God**. **<u>Ek Self</u>** wil julle onderrig, want dan sal die duisternis in julle nie langer kan heers nie, dan sal die lig van My Liefde in julle harte instraal en julle geluksalig maak, want dan sal julle My nie langer wegstoot, soos wat julle gedoen het toe julle weggeval het van My af nie, maar weereens na My luister en die lig van My Liefde aanvaar, soos wat dit in die begin was.

Die feit **dat lig by julle mense ontbreek** kan nie deur julle ontken word nie,

1) want julle het geen idee oor die betekenis en doel van julle bestaan nie,
2) oor die rede vir julle aardse vooruitgang nie,
3) oor die betekenis en doel van enige skeppingswerk nie.
4) Julle het geen kennis oor die ooreenkomste nie en
5) veral nie oor julle verhouding tot julle God en Skepper nie.
6) Julle herken nie julle Vader in My nie en
7) is nie bewus van die doel dat julle behoort te verenig met My as julle Vader van ewigheid nie,

ten einde weer vir ewig gelukkig te wees, soos wat julle in die begin was. Dit is alles onbekend aan julle en julle bevraagteken dit nie, en dus lewe julle in duisternis en **soek nie na lig nie**. Maar dit is 'n ongelukkige toestand vir julle, **want duisternis is dood, slegs lig is werklik lewe.**

Maar Ek wil hê dat julle moet ontwaak uit julle lewelose toestand en daarom bring Ek julle die lig. En glo My, hierdie lig sal julle gelukkig maak, julle sal bly wees as julle alles weet en julle aardse lewe bewustelik kan leef, want julle wil die doel bereik wat bestaan uit ewige saligheid. Ek wil nie hê dat julle voortgaan om op aarde te lewe in hierdie duister toestand nie en Ek wil nie hê dat julle notisie neem van die **misleidende ligte** wat julle geensins geestelik kan verlig of julle salig kan maak nie.

Ek wil julle **ware lig gee, kennis wat ooreenstem met die waarheid** en wat **vanuit My** moet kom, omdat net Ek die primêre bron van waarheid is, omdat Ek die lig van die ewigheid is.

Julle mense is My skepsele en besit daarom My Liefde, omdat julle voortgekom het uit My Liefde. Maar Ek wil altyd genietinge gee aan die wat aan My behoort. Duisternis is nie 'n geseënde toestand nie, slegs lig kan vreugde gee aan die wese, en Ek wil hierdie geskenk aan julle gee. Maar Ek kan julle net My gawe van liefde aanbied, **en dan moet julle vrye wil bereid wees om hierdie gawe te aanvaar**.

Ek kan en wil doen wat ookal nodig is om julle te laat terugkeer na 'n toestand van geluk, maar een ding kan Ek nie doen nie; **om julle teen julle wil te gee wat julle nodig het om gelukkig te wees**.

Ek kan julle sekerlik lig bied, maar Ek kan julle nie dwing om dit te aanvaar en dit te laat skyn in julle harte nie. Julle moet julle harte oopmaak vir My en die straal van My lig van liefde laat inskyn, dan sal alles helder en duidelik word in julle en julle sal gelukkig wees.

En aangesien julle vrye wil die enigste beslissende faktor is wat sal bepaal of julle in die donkerte van die nag of in die lig van die dag beweeg, kan Ek julle altyd net inlig oor die feit dat **hierdie vrye wil julle bestemming bepaal, julle lot, tot in die ewigheid**.

Dat julle julle vrye wil op My moet rig deurdat julle julle weerstand teen My sal opgee en strewe na My met julle hele wese. En julle sal helder verlig word deur My goddelike lig van liefde, **dan sal julle die tipe kennis ontvang wat vir julle vreugde sal bring**, want julle sal alle ooreenkomse besef en uitvind van julle oorsprong, van julle gang oor die aarde en julle doel.

En so gou as wat julle verlig word, sal julle ook die weg vind wat na My lei. En julle sal die weg vrywillig gaan om My te bereik, want **in die lig van die waarheid sal julle My uiteindelik herken**, want dan sal julle My ook liefhê en probeer om vir ewig by My aan te sluit. En Ek sal julle nooit ooit weer laat gaan nie, want My Liefde het julle geskep en My Liefde sal julle volg totdat julle Myne geword het vir ewig. Amein.

Maleagi 4:2

*Maar vir julle wat My Naam vrees, **sal die son van Geregtigheid opgaan,** en daar sal genesing onder Sy Vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.*